Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 11 OKTOBER 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Snr Bestuurder: Tegniese Dienste (Elektries), mnr M J Swanepoel
Hoof: Begrotingskantoor, mnr W C Rossouw
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdv M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig en wens die Speaker, rdl M A Rangasamy geluk met sy verjaarsdag op datum.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER: WATER SKAARSTE

Die voorsitter doen 'n voorlegging oor die water situasie en die pad vorentoe en word die voorlegging vir volledigheidshalwe by die notule aangeheg.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 13 SEPTEMBER 2017

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 September 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 4 OKTOBER 2017

5.1.1 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 IMPLEMENTERING VAN VLAK 5-WATERBEPERKINGS EN GEPAARDGAANDE VERHOOGDE WATERTARIEWE (16/1/1/7)

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en noem dat dit skokkend is uit die statistieke wat ontvang is insake hoë waterverbruikers, dat daar nogsteeds huishoudings is wat meer as 50kl water per maand verbruik.

Die Munisipale Bestuurder noem verder dat dit tyd is om die name van hierdie persone te publiseer en is die Munisipaliteit in proses om 'n regsopinie hieromtrent in te win.

Die voorsitter beklemtoon dat die strenger vlak 5-waterbeperkings op almal van toepassing is, ongeag watter owerheid die watervoorsiener is.

Die voorsitter skets die donker prentjie dat

- indien die waterverbruik dieselfde bly en die VoëlVleidam teen 1,7% per week daal, gaan daar nie meer Desember 2017 drinkwater wees nie;
- indien die gewenste besparing op vlak 5 bewerkstellig word die VoëlVleidam teen 0,75% gaan daal en dan is daar tot einde Februarie 2018 drinkwater;
- indien Stad Kaapstad behulpsaam kan wees om toegang tot meer water uit die VoëlVleidam te verkry, is daar water tot Mei 2018.

Die voorsitter doen 'n beroep, via die media en alle munisipale amptenare, dat inwoners die Munisipaliteit behulpsaam moet wees om water te kan bespaar, wat dit is op die oomblik die enigste uitweg.

Dit is dus noodsaaklik dat vlak 5-waterbeperkings met gepaardgaande verhoogde watertariewe met ingang van 1 November 2017 geïmplementeer word.

Besluit/…

7.1/…

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 Oktober 2017)

(a) Dat die bestaande Vlak 4-waterbeperkings herroep en goedkeuring verleen word dat die voorgestelde Vlak 5-waterbeperkingsmaatreëls, soos vervat in **Aanhangsel A** tot hierdie verslag, met ingang vanaf 1 November 2017 geïmplementeer word;

(b) Dat bogemelde beperkings nie sal geld:
(i) waar spesiale vrystelling skriftelik deur die Munisipaliteit verleen word nie;
(ii) waar ander bronne van nie-drinkbare water gebruik word en 'n kennisgewing waarop die bron aangedui word, opgerig is op 'n plek waar dit duidelik sigbaar is en met dien verstande dat – indien boorgatwater as 'n ander bron van water aangedui word – daar 'n verpligting rus op die eienaar om gemelde boorgat en ook die leweringsvermoë daarvan, indien bekend, by die Munisipaliteit aan te meld;

(c) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om, in terme van artikel 69(2) van die Verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel, 2014 afwykings, vrystellings of verslappings ten opsigte van die bepalings op redelike gronde te mag verleen;

(d) Dat die volgende watertariefaanpassings geïmplementeer word met effek vanaf die diensterekeninge wat gedurende November 2017 vir betaling teen 30 November 2017 gelewer sal word:

Ten opsigte van huishoudelike verbruikers:

	Tarief per eenheid (kiloliter)
0 tot 4 kl	R6,30 plus BTW
5 tot 10 kl	R17,61 plus BTW
11 tot 15 kl	R19.37 plus BTW
16 tot 20 kl	R55.00 plus BTW
21 tot 25 kl	R72.00 plus BTW
26 tot 50 kl	R99.99 plus BTW
51 kl en meer	R265.12 plus BTW

Ten opsigte van besighede:
R25,00 plus BTW vanaf die eerste kiloliter verbruik

Ten opsigte van skole, regeringsinstellings en sportklubs:
R30,00 plus BTW vanaf die eerste kiloliter verbruik

(e) Dat die boetes ten aansien van eiendomme wat meer as 20 000 liter (20 kiloliter) per maand verbruik, geïmplementeer word met effek vanaf 1 Desember 2017;

(f) Dat 'n openbare kennisgewing in bostaande verband in die media, asook op die webtuiste en sosiale media-platform (*Facebook*) gepubliseer word, en by die biblioteke en betaalpunte van die Munisipaliteit getoon word;

(g) Dat die voorgestelde beperkende maatreëls aan die Raad voorgelê sal word vir kennisname, en die tariefaanpassings by die Raad aanbeveel word vir bekragtiging.

7.2 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT WEENS DROOGTE (17/5/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester het op 28 Junie 2017 die Swartland munisipale area tot 'n rampgebied verklaar weens die erns van die aanhoudende droogte en die water skaarste wat ondervind word.

7.2/…

Die aanvanklike verklaring is geldig vir ‘n periode van drie maande, waarna dit op ‘n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland munisipale gebied tot ‘n plaaslike ramp weens die aanhoudende droogte met gepaardgaande water skaarste verleng vanaf 8 November 2017 tot 7 Desember 2017;

(b) Dat ‘n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot ‘n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.3 VERLENGING VAN VERKLARING VAN ’N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BRAND BY SWARTLAND HOSPITAAL (17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot ’n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir ’n periode van drie maande van krag, waarna dit op ’n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot ‘n plaaslike ramp verleng vanaf 23 Oktober 2017 tot 22 November 2017;

(b) Dat ‘n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot ‘n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.4 HOË VLAK VERSLAG RAKENDE KONSEP FINANSIËLE STATE 2016/2017 (5/1/2-2016/2017)

Die verslag aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het ten doel om ’n hoë vlak oorsig te gee van die konsep finansiële state vir die 2016/2017 finansiële jaar wat reeds aan die Ouditkomitee, Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) en Kantoor van die Ouditeur-Generaal voorsien is.

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en beklemtoon die feit dat daar ’n algemene verbetering in die finansiële ratio’s is wat bevestig dat Swartland Munisipaliteit oor die vermoë beskik om sy verpligtinge na te kom.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die verslag rakende die ongeouditeerde Finansiële State vir die 2016/2017 finansiële jaar;

(b) Dat die bydraes vir 2016/2017 soos volg goedgekeur word:

Kapitaalvervangingsfonds/…

7.4(b)/…

Kapitaalvervangingsfonds:	R 45 034 716
Voorsiening vir slegte skuld:	R 30 892 380
Verlofgratifikasie:	R 1 497 790
Voorsiening vir langdiensbonus:	R 543 976
Voorsiening vir na-aftrede:	R 2 663 088
Totaal:	**R 80 631 950**

(c) Dat die onderstaande ongemagtigde uitgawes verwys word na die Aansuiweringsbegroting van 2016/2017 vir goedkeuring ingevolge artikel 32 van die MFMA;

Ongemagtigde Uitgawe: Bedryf

(a) Finansiële Dienste	R 2 288 774
(b) Beskermingsdienste	R 10 804 202

Ongemagtigde Uitgawe: Kapitaal

(a) Raad	R 23 209

(d) Dat kennis geneem word dat die vrugtelose en verkwiste uitgawe verhaal is, behalwe die skoonmaak van die Erf waar ons in afwagting van die ondersoek is;

(e) Dat kennis geneem word dat die ongemagtigde uitgawe van R60 973 van die Versekering geëis is.

7.5 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2017 TOT 30 SEPTEMBER 2017 (8/1/B/2)

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management*-Regulasies bepaal dat daar op ‘n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsienings-kanaalbeleid se implementering vir die periode 1 Julie 2017 tot 30 September 2017, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

(b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevolglik aanleiding gegee het tot ‘n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid (Bylae D).

7.6 *WEST COAST EXPLORERS CLUB*: OPRIG VAN FIETSSTAANPLEKKE (17/10/1/1)

Die *West Coast Explorers Club* beoog om ’n fietsverhuringsdiens in Yzerfontein te vestig. Goedkeuring word benodig om veilige parkeergeriewe vir fietse op strategiese punte op te rig, wat ook vir die publiek beskikbaar sal wees.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat die Bestuurspan met die oorweging van die item addisionele voorwaardes opgelê het wat in die skrywe aan die *West Coast Explorers Club* vervat sal word.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring aan *West Coast Explorers Club* verleen word vir die oprig van fietsstaanplekke in Yzerfontein vir ’n proeftydperk van een (1) jaar;

7.6/…

(b) Dat die ligging van die staanplekke in samwerking met die Dorpsbestuurder en ander relevante amptenare vasgestel word;

(c) Dat die wenslikheid van die fietsstaanplekke na een (1) jaar hersien word, en 'n formele ooreenkoms dan oorweeg word;

(d) Dat die Raad die reg voorbehou om ten enige tyd genoemde goedkeuring terug te trek, sou omstandighede dit vereis.

7.7 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY ROLBALKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die Malmesbury Rolbalfasiliteite aan die Malmesbury Rolbalklub op 'n jaar-tot-jaar basis.

Die huurooreenkoms het op 30 September 2017 verstryk.

BESLUIT

(a) Dat 'n huurooreenkoms met die Malmesbury Rolbalklub (ten opsigte van die rolbal fasiliteite) aangegaan word vir die huur van die fasiliteite vir `n tydperk van 12 maande;

(b) Dat die huurgeld R10,00 plus BTW, per jaar sal beloop;

(c) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly.

7.8 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL EN KALIBREER VAN WEEGBRUG, HIGHLANDS STORTINGSTERREIN (6/1/2/1)

Die Highlands Stortingsterrein ontvang vullis, spesiale afval en herwinde produkte vanaf alle huishoudings en besighede in die Swartland munisipale gebied, asook vullis vanaf Bergrivier Munisipaliteit.

Die fasiliteit is toegerus met 'n 30 ton weegbring wat jaarliks gekalibreer moet word om die akkuraatheid van die weegbrug te verseker. Toetse is uitgevoer nadat die vermoede ontstaan het dat die weegbruk nie akkuraat is nie, en is 'n afwyking van 4,5% waargeneem. Hierdie uitslag het die dringende kalibrering van die weegbrug genoodsaak.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat weens die omvang van die werk om 'n kwotasie vir hierdie tipe werk voor te berei, die oorspronklike vervaardiger van die toerusting, *Weigh-Comm*, opdrag gegee is om voort te gaan met 'n "strip and quote" prosedure;

(b) Dat dit onprakties sou wees om die voorgeskrewe tenderprosedure ingevolge die Voorsieningkanaalbestuursbeleid te volg vir die gekwoteerde bedrag van R87 925,00 (BTW ingesluit);

(c) Dat kennis geneem word dat voldoende fondse beskikbaar is onder die mSCOA pos: 9/244-419-703 vir die uitgawe ingevolge die gekwoteerde bedrag;

(d) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen dat *Weigh-Comm* kan voortgaan met die herstel en kalibrering van die weegbring by die Highlands Stortingsterrein ten bedrae van R87 925,00 (BTW ingesluit);

(e) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

7.8/…

(f) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.9 UITSTAANDE DEBITEURE – SEPTEMBER 2017 (5/7/1/1/MY)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer en word op versoek van die voorsitter deur die Hoof: Begrotingskantoor behandel.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van September 2017.

7.10 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die voorsitter wys daarop dat die meerderheid van die versekeringseise verband hou met diefstal en dat die onwettighede wat ook in die Swartland munisipale gebied besig is om pos te vat rede tot kommer wek.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 September 2017 soos met die sakelys gesirkuleer.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER